

065089



182969113F



RGN-HSRC

SENTRUM VIR BIBLIOTEEK EN
INLIGTINGSDIENSTE

CENTRE FOR LIBRARY AND
INFORMATION SERVICES

VERVALDATUM/DATE DUE

1985 -08- 30

1987 -12- 15

30 NOV 1991

TERUG

0000649467



001.3072068 HSRC KOMM N 97



064946

**Die identifisering van opinieleiers
ten opsigte van gesondheidsaspekte
in Mamelodi**

Navorsingsbevinding KOMM N-97

Die identifisering van opinieleiers ten opsigte van gesondheidsaspekte in Mamelodi

Elsje J. Hall
A. Schoeman

Elsje J. Hall, M.A., Senior Navorsers
A. Schoeman, BSc., M.A., D.Litt. et. Phil. Senior Hoofnavorsers

Instituut vir Kommunikasienavorsing
Direkteur: Dr. P.C.J. Jordaan

ISBN 0 7969 0140 6

Prys: R8,70
(AVB uitgesluit)

© Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1984
Alle regte voorbehou

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK		BLADSY
1	AGTERGROND	1
1.1	DOEL	2
1.2	METODE	2
1.2.1	<i>Die ondersoekgroep</i>	2
1.2.2	<i>Die vraelys en insameling van gegewens</i>	2
1.3	VERWERKING VAN GEGEWENS	3
1.4	AANBIEDING VAN GEGEWENS	4
2	BEVINDINGE	4
2.1	STEEKPROEFONTLEDING	4
2.2	DIE IDENTIFISERING VAN GESONDHEIDSOPINIELEIERS	7
2.3	DIE KOMMUNIKASIEPATRONE VAN DIE TOTALE ONDERSOEK- GROEP TEN OPSIGTE VAN GESONDHEIDSAANGELEENTHEDE	8
2.4	DIE IDENTIFISERING VAN OPINIELEIERS MET BEHULP VAN GEWEEGDE RESPONSIES	17
2.5	DIE IDENTIFISERING VAN OPINIELEIEREINSKAPPE	18
2.5.1	<i>Bespreking</i>	21
2.6	TOEPASSING VAN 'N EKSPLORATIEWE TEGNIEK OP DIE DATA (CHAID)	37
2.7	LOGIT-ONTLEDING VAN GEBEURLIKHEIDSTABELLE	39
2.8	SAMEVATTING, BESPREKING EN GEVOLGTREKKINGS	41
3	AANBEVELINGS	44
	BYLAE 1	45
	VERWYSING	47

RGN BIBLIOTEEK LIBRARY HSRC		
198 -10-03		
STAMP ODE 001-3072068 HSRC KOMM N BESTELNOMMER R10	REG. NOMMER 97	065089

LYS VAN TABELLE

TABELNOMMER		BLADSY
2.1	VERDELING VAN ONDERSOEKGROEP TEN OPSIGTE VAN GESLAG EN OUDERDOM	5
2.2	VERDELING VAN ONDERSOEKGROEP TEN OPSIGTE VAN ETNISITEIT	6
2.3	VERDELING VAN ONDERSOEKGROEP TEN OPSIGTE VAN HUWELIKSTAAT	7
2.4	RESPONSE OP DIE VRAAG: "HET U GEDURENDE DIE AFGELOPE SES MAANDE ENIGE ASPEK RAKENDE GESONDHEID MET 'N ANDER PERSOON BESPREEK?"	8
2.5	RESPONSE OP DIE VRAAG: "HET U GEDURENDE DIE AFGELOPE SES MAANDE ENIGE INLIGTING/ADVIES/HULP AAN PERSONE, BUITEN U HUISMENSE, RAKENDE EETGEWOONTES/BESERINGS/SIEKTES/IMMUNISERING AANGEBIED?"	9
2.6	RESPONSE OP DIE VRAAG: "HET IEMAND BUITEN U HUISMENSE U IN DIE AFGELOPE SES MAANDE OM ADVIES OOR EETGEWOONTES/BESERINGS/SIEKTES/IMMUNISERING AANGEBIED?"	10
2.7	RESPONSE OP DIE VRAAG: "BESPREEK ANDER PERSONE HULLE GESONDHEIDSPROBLEME MET U?" EN "HOE GEREELD BESPREEK HULLE DIT MET U?"	11
2.8	RESPONSE OP DIE VRAAG: "DINK U U BESKIK OOR MEER KENNIS RAKENDE EETGEWOONTES/BESERINGS/SIEKTES/IMMUNISERING AS DIE MENSE MET WIE U DAAGLIKS BY U WERK IN KONTAK KOM?"	13
2.9	RESPONSE OP DIE VRAAG: "DINK U U BESKIK OOR MEER KENNIS RAKENDE EETGEWOONTES/BESERINGS/SIEKTES/IMMUNISERING AS DIE MENSE MET WIE U DAAGLIKS IN MAMELODI IN KONTAK VERKEER?"	14
2.10	RESPONSE OP DIE VRAAG: "HET U AL IN DIE VERLEDE GEPOOG OM IEMAND TOT U SIENING VAN GESONDHEIDSAANGELEENTHEDE OOR TE HAAL? DINK U U WAS SUKSESVOL IN U POGING OM IEMAND OOR TE HAAL TOT U SIENING VAN GESONDHEIDSAANGELEENTHEDE?"	15
2.11	RESPONSE OP DIE VRAAG: "HET U AL OOIT ANDER PERSONE OM INLIGTING RAKENDE GESONDHEID GEVRA?"	16

2.12	RESPONSE OP VRAAG: "HET U AL OOIT OOR ENIGE ASPEK VAN GESONDHEID AAN IEMAND INLIGTING VERSKAF WAARMEE HY/SY NIE BEKEND WAS NIE?"	17
2.13	RESPONSE OP DIE VRAAG: "WAT IS DIE HOOGSTE ONDERWYSKWALIFIKASIES WAT U VERWERF HET?"	21
2.14	RESPONSE OP DIE VRAAG: "WATTER BEROEP BEOEFEN U TANS?"	22
2.15	RESPONSE OP DIE VRAAG: "IS U WERKPLEK IN OF BUIE MAMELODI?"	24
2.16	RESPONSE OP DIE VRAAG: "WAAR HET U AS KIND HOOFSAAKLIK OPGEGROEI?"	24
2.17	RESPONSE OP DIE VRAAG: "HET U ENIGE FAMILIE/VRIENDE WAT BUIE MAMELODI WOON?"	25
2.18	RESPONSE OP DIE VRAAG: "WAAR WOON HIERDIE VRIENDE/FAMILIELEDE?"	26
2.19	RESPONSE OP DIE VRAAG: "HOE GEREELD BESOEK U U VRIENDE/FAMILIELEDE WAT BUIE MAMELODI WOON?"	27
2.20	RESPONSE OP DIE VRAAG: "IS U LID VAN DIE VOLGENDE VERENIGINGS/KLUBS?"	28
2.21	RESPONSE OP DIE VRAAG: "NEEM U GEREELD AAN DIE VOLGENDE GROEPAKTIEWEITETE DEEL?"	30
2.22	RESPONSE OP DIE VRAAG: "LEES U GEREELD KOERANT (MINSTENS EEN MAAL PER WEEK)?"	30
2.23	RESPONSE OP DIE VRAAG: "HET U ONLANGS INLIGTING RAKENDE GESONDHEID, BEKOM UIT DIE KOERANTE WAT U GELEES HET?"	31
2.24	RESPONSE OP DIE VRAAG: "HET U DIE AFGELOPE TYD ENIGE INLIGTING OOR GESONDHEID UIT DIE VOLGENDE TYDSKRIFTE ONTVANG?"	32
2.25	RESPONSE OP DIE VRAAG: "NA WATTER RADIODIENSTE LUISTER U? HOEVEEL URE PER DAG LUISTER U DAARNA?"	33

TABELNOMMER		BLADSY
2.26	RESPONSE OP DIE VRAE: "HET U DIE AFGELOPE WEEK TELEVISIE GEKYK? HOEVEEL URE PER DAG HET U GEKYK?"	35
2.27	RESPONSE OP DIE VRAAG: "WAAR KYK U DIE MEESTE TELEVISIE?"	36
2.28	RESPONSE OP DIE VRAAG: "OP WATTER WYSE ONTVANG U MEESTAL NUWE INLIGTING RAKENDE ALLE ASPEKTE VAN GESONDHEID?"	36
2.29	VERGELYKING TUSSEN DIE ONDERSOEGGROEP EN GESONDHEIDSOPINIELEIERS TEN OPSIGTE VAN DIE VERANDERLIKES WAAR STATISTIESE BETEKENISVOLLE ASSOSIASIES NA VORE GETREE HET	39

1. AGTERGROND

Katz en Lazarsfeld (1966: 138) omskryf die begrip opinieleierskap as leierskap in die eenvoudigste sin:

"... it's casually exercised sometimes unwitting and unbeknown ... it is the almost invisible, certainly inconspicuous, form of leadership at the person-to-person level of ordinary, intimate, informal, everyday contact". Die onderskeid tussen opinieleiers en nie-leiers is dus baie min en dit wil voorkom of opinieleiers wat binne moderne gemeenskappe funksioneer in vergelyking met hulle volgelinge oor geen unieke eienskappe beskik nie (Hall 1982: 42). Hulle word eerder gekenmerk aan hoër sosiale status, groter konformering met groepsnorme, hoër blootstelling aan die massamedia, groter kosmopolitisering, hoër empatiese vermoëns, hoër sosiale integrasie en meer innovasiegerigtheid as hul volgelinge (Coleman, Katz en Menzel 1966; Rogers en Schoemaker 1971; en Rogers en Svenning 1969).

Gedurende 1982 is daar 'n studie in Atteridgeville onderneem om gesondheidsopinieelers binne dié woonbuurt te identifiseer en moontlike gemeenskaplike eienskappe waaroor hierdie persone mag beskik, uit te lig (Hall 1982). Uit die resultate van die 1982-ondersoek, het geblyk dat die gesondheidsopinieelers in Atteridgeville oor die algemeen meer professionele en klerklike beroepe beoefen, in Atteridgeville werksaam is, lid van 'n onderwysersvereniging is, nie gereeld by sjebeens besoek aflê nie en die tydskrif "Living and Loving" lees. Ten einde die bevindinge van bovermelde studie te verifieer en moontlike nuwe tendense rakende opinieleierskap te ondersoek, is 'n soortgelyke studie onder die inwoners van Mamelodi ('n woonbuurt met bykans dieselfde opset as in Atteridgeville) uitgevoer.

1.1 DOEL

Die doel met die ondersoek was om:

- (i) gesondheidsopinieëlers binne die Swart gemeenskap van Mamelodi te identifiseer aan die hand van eienskappe wat in vorige navorsing na vore getree het;
- (ii) vas te stel of die karaktereenskappe van hierdie leiers ooreenkom/verskil van sekere karaktereenskappe wat alreeds in vorige navorsing (Hall 1982) geïdentifiseer is.

1.2 METODEDE

1.2.1 *Die ondersoekgroep*

Die ondersoekgroep het bestaan uit 720 permanente inwoners van Mamelodi, wat in die ouderdomsgroep 15 tot 64 jaar val. Ten einde 'n verteenwoordigende steekproef te verkry, is Mamelodi in 320 ewe groot blokke verdeel en genommer, waarna 'n aantal blokke op ewekansige wyse getrek is. 'n Beginpunt is voorts op ewekansige wyse binne elke blok bepaal, waarna elke sesde wooneenheid kloksgewys om die blok getrek is. Slegs een respondent is (met behulp van 'n ewekansigheidstabel) per wooneenheid geselekteer.

1.2.2 *Die vraelys en insameling van gegewens*

Daar is van 'n gestruktureerde vraelys gebruik gemaak wat uit drie afdelings bestaan, naamlik biografiese gegewens, die identifisering van opinieëlers en die identifisering van opinieëlereienskappe. Die vraelys, wat in drie tale, naamlik Engels, Noord-Sotho en Zoeloe opgestel is, is deur 12 Swart veldwerksters tydens onderhoude met respondente ingevul. Nadat die veldwerksters deeglike opleiding oor die insameling van data vir die ondersoek ontvang

het, is 'n voorondersoek uitgevoer voordat die hoofondersoek aangepak is. Kontrolering is daaglik deur die outeur gedoen.

1.3 VERWERKING VAN GEGEWENS

Ten einde 'n oorsig oor die resultate te kry, is *frekwensie-tabelle* met geslag as verdeler oor al die vrae opgestel. Met behulp van dié tabelle is 'n totaalstelling vir elke respondent oor 'n aantal vrae bereken wat onder andere betrekking het op hulle kommunikasiepatrone rakende gesondheidsaangeleenthede. Aan die hand van hierdie tellings is die opinieleiers geïdentifiseer.

Vervolgens is beskrywende statistiese maatstawwe oor die totaalstellings opgestel, sodat 'n afsnypunt tussen opinieleiers en nie-opinieleiers bepaal kon word vir die doeleindes van die *CHAID-ontleding*. CHAID is een van 'n aantal sogenaamde AID ("Automatic Interaction Detection")-prosedures waarvolgens interaksies tussen voorspellers in regressie-tipe data opgespoor kan word. Die doel met hierdie ontleding was dus om die uitkoms van die afhanklike veranderlike (opinieërskap) te probeer voorspel op grond van 'n aantal voorspellers (eienskappe soos sosiale integrasie, massamedia blootstelling, ensovoorts).

Die *LOGIT-model* van die *loglineêre ontledingstegniek* is laastens aangewend om die veranderlikes wat deur die CHAID-ontleding uitgewys is, statisties te toets. Hierdie ontleding is gebaseer op die passing van 'n hiërargiese model op die selfrekwensies van 'n meerveranderlike frekwensietabel en het deur gebruikmaking van die rekenaarprogram BMDP4F geskied. Daar is van hierdie ontleding gebruik gemaak om die sterkte of graad van die assosiasie tussen die kategorieë van die afhanklike veranderlike (opinie-

leierskap) en die verklarende veranderlikes (massamediablootstelling, sosiale integrasie, kosmopolitisme en sosiale status) of interaksies tussen die veranderlikes te bepaal.

Nadat 'n geskikte model gevind is, is die parameters wat in die model voorkom, geskat en hul gestandaardiseerde waardes bereken. Die gestandaardiseerde parameterwaardes is volgens statistiese aannames, vir groot steekproewe normaal verdeel. Gestandaardiseerde waardes van die parameterskattings is as statisties betekenisvol beskou wanneer dié waardes kleiner as $- 3,0$ of groter as $+ 3,0$ was.

1.4 AANBIEDING VAN GEGEWENS

Die gegewens word telkens eers apart vir mans en vroue en daarna gesamentlik vir albei geslagte aangebied. Ten einde 'n beter idee van die steekproefpopulasie te kan vorm, sal daar in die eerste plek op enkele biografiese besonderhede gelet word. Opinieelers en nie-opinieelers sal daarna van mekaar onderskei word, waarna vervolgens gepoog sal word om sekere algemene kermerke onder opinieleiers uit te lig ten einde vas te stel of hulle van die totale ondersoekgroep verskil.

2. BEVINDINGE

2.1 STEEKPROEFONTLEDING

Die ondersoekgroep het uit 281 mans en 439 vroue bestaan. Hierdie respondente is in die volgende ses ouderdomskategorieë verdeel: 15-19 jaar, 20-29 jaar, 30-39 jaar, 40-49 jaar, 50-59 jaar

en 60-64 jaar (tabel 2.1).

TABEL 2.1

VERDELING VAN ONDERSOEGGROEP TEN OPSIGTE VAN GESLAG EN
OUDERDOM

Geslag		Ouderdom						Totaal	
		15-19 jaar	20-29 jaar	30-39 jaar	40-49 jaar	50-59 jaar	60-64 jaar	N	%
Mans	N	69	92	43	32	30	15	281	39,0
Vroue	N	75	122	90	70	56	26	439	61,0
TOTAAL	N	144	214	133	102	86	41	720	
	%	20,0	29,7	18,5	14,2	11,9	5,7		100,0

Die inwoners van Mamelodi is uit 'n aantal etniese groepe saamgestel waaronder Suid- en Noord-Sotho's, Tswanas, Tsongas, Vendas, Ndebeles, Swazi's, Zoeloes, Xhosas en enkele ander groepe. Noord-Sotho's is in die meerderheid (41,1 %), terwyl die Tsongas (14,7 %) die tweede grootste etniese groep is wat in die steekproef verteenwoordig word (tabel 2.2).

TABEL 2.2

VERDELING VAN ONDERSOEKGROEP TEN OPSIGTE VAN ETNISITEIT

	Mans		Vroue		Totaal	
	N	%	N	%	N	%
Suid-Sotho	7	2,5	9	2,1	16	2,2
Noord-Sotho	126	44,8	170	38,7	296	41,1
Tswana	13	4,6	35	8,0	48	6,7
Tsonga	42	14,9	64	14,6	106	14,7
Venda	2	0,8	7	1,6	9	1,3
Ndebele	40	14,2	52	11,8	92	12,8
Swazi	15	5,3	40	9,1	55	7,6
Zoeloe	25	8,9	51	11,6	76	10,6
Xhosa	2	0,8	6	1,4	8	1,1
Ander groepe	9	3,2	5	1,1	14	1,9
TOTAAL	281		439		720	100,0

Wat huwelikstaat betref, is die ondersoekgroep in nege kategorieë verdeel, naamlik alleenlopende persone (ongetroudes en geskeides), persone wat saamwoon maar nie getroud is nie, sowel as persone wat op die volgende wyses getroud is: met lobola; met lobola en in die kerk; voor die kommissaris; met lobola en voor die kommissaris; in die kerk en voor die kommissaris; met lobola in die kerk en voor die kommissaris en laastens, in die kerk alleen. Uit tabel 2.3 blyk dat ongeveer 50 % van die respondente alleenlopend is, terwyl slegs 0,4 % saamwoon sonder om getroud te wees. Die oorblywende helfte is op een of meer van bovermelde wyses getroud.

TABEL 2.3
VERDELING VAN ONDERSOEGGROEP TEN OPSIGTE VAN HUWELIKSTAAT

	Mans		Vroue		Totaal	
	N	%	N	%	N	%
Alleenlopend	167	59,4	198	45,1	365	50,7
Lobola	25	8,9	46	10,5	71	9,9
Lobola en kerk	7	2,5	11	2,5	18	2,5
Kommissaris	15	5,3	42	9,6	57	7,9
Lobola en kommissaris	19	6,8	38	8,7	57	7,9
Kerk en kommissaris	20	7,1	49	11,2	69	9,6
Lobola, kerk en kommissaris	25	8,9	51	11,6	76	10,6
Kerk	1	0,4	3	0,7	4	0,5
Leef saam	2	0,7	1	0,2	3	0,4
TOTAAL	281		439		720	100,0

2.2 DIE IDENTIFISERING VAN GESONDHEIDSOPINIELEIERS

Die doel met die tweede deel van die vraelys was om die opinieleiers van die nie-leiers te onderskei. Dit is gedoen met behulp van 'n aantal vrae waardeur die respondent homself/haarself as moontlike opinieleier moes identifiseer. Met Everett M. Rogers (Rogers en Cartano 1962) se skaal as rigsgaande, is die vrae met die oog op die identifisering van opinieleiers saamgestel. Hierdie skaal konsentreer op twee komponente van opinieleierskap, naamlik (i) die respondent se selfbeeld as opinieleier en (ii) die respondent se persepsie van die gedrag van mense met wie hy/sy in die verlede oor gesondheidsake gekommunikeer het.

Vervolgens sal daar gelet word op die response van die onder-
soekgroep ten opsigte van dié vrae aan die hand waarvan opinie-
leiers en nie-leiers van mekaar onderskei is.

2.3 DIE KOMMUNIKASIEPATRONE VAN DIE TOTALE ONDERSOEGROEP TEN OPSIGTE VAN GESONDHEIDSAANGELEENTHEDE

- (1) Die eerste vraag is gestel om tussen persone te onderskei wat
nooit gesondheidsake bespreek nie en die wat wel in een of
ander stadium oor enige aspek rakende gesondheid gekommunikeer
het (tabel 2.4).

TABEL 2.4

RESPONSE OP DIE VRAAG: "HET U GEDURENDE DIE AFGELOPE SES MAANDE ENIGE
ASPEK RAKENDE GESONDHEID MET 'N ANDER PERSOON BESPREEK?"

	Mans		Vroue		Totaal	
	N	%	N	%	N	%
Ja	196	69,7	338	77,0	534	74,2
Nee	85	30,3	101	23,0	186	25,8

Uit tabel 2.4 kan afgelees word dat die meerderheid manlike (69,7 %),
sowel as vroulike respondente (77,0 %) een of ander aspek rakende
gesondheid die afgelope ses maande met iemand anders bespreek het.

- (2) Daar is tweedens ondersoek ingestel of die respondent inligting
rakende gesondheid (eetgewoontes/beserings/siektes/immunisering)
aan persone, buiten sy gesinslede, aangebied het sonder dat hy
daarom gevra is (tabel 2.5).

TABEL 2.5

RESPONSE OP DIE VRAAG: "HET U GEDURENDE DIE AFGELOPE SES MAANDE ENIGE INLIGTING/ADVIES/HULP AAN PERSONE, BUITEN U HUISMENSE, RAKENDE EETGEWOONTES/BESERINGS/SIEKTES/IMMUNISERING AANGEBIED?"

	Mans				Vroue				Totaal			
	Ja		Nee		Ja		Nee		Ja		Nee	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Eetgewoontes	123	43,8	158	56,2	272	62,0	167	38,0	395	54,9	325	45,1
Beserings	165	58,7	116	41,3	244	55,6	195	44,4	409	56,8	311	43,2
Siektes	169	60,1	112	39,9	278	63,3	161	36,7	447	62,1	273	37,9
Immunisering	101	35,9	180	64,1	205	46,7	234	53,3	306	42,5	414	57,5
GEMIDDELDE %	49,6		50,4		56,9		43,1		54,1		45,9	

Immunisering blyk die enigste aspek van gesondheid (soos dit hier gedefinieer word) te wees waarvoor minder as die helfte van die totale groep respondente (42,5 %) die ses maande wat die ondersoek voorafgegaan het, inligting, advies of hulp aan persone buiten hulle huismense verskaf het. Siektes daarenteen was weer die aspek waarvoor die meeste respondente (62,1 %) gekommunikeer het (tabel 2.5).

- (3) Derdens is die respondente geïdentifiseer wat deur ander persone om advies rakende eetgewoontes/beserings/siektes/immunisering genader is en die vraag vorm in dié opsig 'n kontras met die vorige vraag waar advies aangebied is (tabel 2.6).

TABEL 2.6

RESPONSE OP DIE VRAAG: "HET IEMAND BUITEN U HUISMENSE U IN DIE
AFGELOPE SES MAANDE OM ADVIES OOR EETGEWOONTES/BESERINGS/SIEKTES/
IMMUNISERING GEVRA?"

	Mans				Vroue				Totaal			
	Ja		Nee		Ja		Nee		Ja		Nee	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Eetgewoontes	116	41,3	165	58,7	250	56,9	189	43,1	366	50,8	354	49,2
Beserings	151	53,7	130	46,3	220	50,1	219	49,9	371	51,5	349	48,5
Siektes	159	56,6	122	43,4	260	59,2	179	40,8	419	58,2	301	41,8
Immunisering	94	33,5	187	66,5	172	39,2	267	60,8	266	36,9	454	63,1
GEMIDDELDE %	46,3		53,7		51,4		48,6		49,4		50,6	

Dit is opvallend dat die vroue ten opsigte van die gemelde aspekte van gesondheid in tabel 2.6, meer om advies genader is as die mans; behalwe in die geval van beserings (mans 53,7 %, vroue 50,1 %). Laasgenoemde verskynsel kan moontlik toegeskryf word aan die tipe arbeid wat deur die onderskeie geslagte gedoen word: groter getalle mans as vroue is werksaam by bouers, in myne en fabriekke, waar kennis oor beserings en veiligheid deel van hulle opleiding vorm.

- (4) Vervolgens het respondente aangedui hoe dikwels ander persone hul probleme rakende eetgewoontes/beserings/siektes/immunisering met respondente bespreek (tabel 2.7).

TABEL 2.7

RESPONSE OP DIE VRAE: "BESPREEK ANDER PERSONE HULLE GESONDHEIDSPROBLEME MET U?" EN "HOE GEREELD BESPREEK HULLE DIT MET U?"

	Mans				Vroue				Totaal															
	Bespreek nie		Dikwels		Somtyds		Onseker		Bespreek nie		Dikwels		Somtyds		Onseker									
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%								
Eetgewoontes	123	43,7	43	15,3	105	37,4	10	3,6	153	34,9	109	24,8	158	36,0	19	4,3	276	38,3	152	21,1	263	36,6	29	4,0
Beserings	101	35,9	58	20,7	107	38,1	15	5,3	171	39,0	83	18,9	169	38,5	16	3,6	272	37,8	141	19,6	276	38,3	31	4,3
Siektes	102	36,3	62	22,1	106	37,7	11	3,9	154	35,1	106	24,1	172	39,2	7	1,6	250	35,6	168	23,3	278	38,6	18	2,5
Immunisering	148	52,7	18	6,4	86	30,6	29	10,3	206	46,9	42	9,6	148	33,7	43	9,8	354	49,2	60	8,3	234	32,5	72	10,0
GEMIDDELDE %		42,2		16,1		36,0		5,7		39,0		19,3		36,9		4,8		40,2		18,1		36,5		5,2

Uit tabel 2.7 kan afgelees word dat siektes die aspek van gesondheid is wat op gereelde grondslag deur die grootste aantal respondente (23,3 %) bespreek word. Verder wil dit voorkom of meer as die helfte van die mans (52,7 %) nooit deur ander mense oor immunisering genader word nie, terwyl slegs 9,6 % vroue dikwels oor hierdie aspek van gesondheid genader word.

- (5) Slegs respondente wat 'n beroep beklee, is betrek by 'n vraag waarmee daar vasgestel is hoeveel respondente volgens hul eie mening oor meer kennis as hulle kollegas beskik rakende eetgewoontes/beserings/siektes/immunisering (tabel 2.8).

Meer manlike as vroulike respondente het deurgaans gemeen hulle beskik oor meer kennis rakende aspekte van gesondheid as die mense met wie hulle daagliks by hul werk in kontak kom (tabel 2.8). Vir die meeste werkende respondente was immunisering dié aspek van gesondheid waaroor hulle nie oor meer kennis in vergelyking met hul kollegas by die werk beskik het nie.

- (6) 'n Volgende vraag is gestel met die doel om die respondente te identifiseer wat (volgens hul eie mening) meer kennis van eetgewoontes/beserings/siektes/immunisering as hulle mede-inwoners in Mamelodi het (tabel 2.9).

Uit tabel 2.9 kan afgelei word dat gemiddeld bykans 'n derde van die respondente aangetoon het dat hulle oor meer kennis beskik rakende eetgewoontes/beserings/siektes/immunisering as die mense in Mamelodi met wie hulle daagliks in kontak is.

TABEL 2.8

RESPONSE OP DIE VRAAG: "DINK U U BESKIK OOR MEER KENNIS RAKENDE EETGEWOONTES/BESERINGS/
SIEKTES/IMMUNISERING AS DIE MENSE MET WIE U DAAGLIKS BY U WERK, IN KONTAK KOM?"

	Mans				Vroue				Totaal															
	Ja		Nee		Onseker		Werk nie		Ja		Nee		Onseker		Werk nie									
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%								
Eetgewoontes	70	24,9	70	24,9	21	7,5	120	42,7	101	23,0	62	14,1	21	4,8	255	58,1	171	23,8	132	18,3	42	5,8	375	52,1
Beserings	80	28,4	62	22,1	19	6,8	120	42,7	75	17,1	88	20,0	21	4,8	255	58,1	155	21,5	150	20,8	40	5,6	375	52,1
Siektes	78	27,8	63	22,4	20	7,1	120	42,7	90	20,5	72	16,4	22	5,0	255	58,1	168	23,3	135	18,8	42	5,8	375	52,1
Immunisering	59	21,0	84	29,9	18	6,4	120	42,7	61	13,9	100	22,8	23	5,2	255	58,1	120	16,7	184	25,6	41	5,6	375	52,1
GEMIDDELDE %		25,5		24,8		7,0		42,7		18,6		18,3		5,0		58,1		21,3		20,9		5,7		52,1

TABEL 2.9

RESPONSE OP DIE VRAAG: "DINK U U BESKIK OOR MEER KENNIS RAKENDE EETGEWOONTES/BESERINGS/
SIEKTES/IMMUNISERING AS DIE MENSE MET WIE U DAAGLIKS IN MAMELODI IN KONTAK VERKEER?"

	Mans			Vroue			Totaal											
	Ja		Nee	Ja		Nee	Ja		Nee	Onseker								
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%								
Eetgewoontes	90	32,0	168	59,8	23	8,2	174	39,6	222	50,6	43	9,8	264	36,7	390	54,2	66	9,1
Beserings	111	39,5	143	50,9	27	9,6	131	29,8	256	58,3	52	11,9	242	33,6	399	55,4	79	11,0
Siektes	103	36,7	149	53,0	29	10,3	155	35,3	232	52,9	52	11,8	258	35,8	381	52,9	81	11,3
Immunisering	66	23,5	192	68,3	23	8,2	103	23,5	294	67,0	42	9,5	169	23,5	486	67,5	65	9,0
GEMIDDELDE %		32,9		58,0		9,1		32,1		57,2		10,7		32,4		57,5		10,1

- (7) Respondente moes vervolgens aangedui het of hulle al ooit iemand anders probeer oorreed het tot hul sienswyses rakende gesondheidsaangeleenthede. Die sukses van die oorredingspoging(s) is ook deur respondente genoem (tabel 2.10).

TABEL 2.10

RESPONSE OP DIE VRAE: "HET U AL IN DIE VERLEDE GEPOOG OM IEMAND TOT U SIENING VAN GESONDHEIDSAANGELEENTHEDE OOR TE HAAL? DINK U U WAS SUKSESVOL IN U POGING OM IEMAND OOR TE HAAL TOT U SIENING VAN GESONDHEIDSAANGELEENTHEDE?"

	Mans		Vroue		Totaal	
	N	%	N	%	N	%
Oorreed niemand	96	34,2	156	35,5	252	35,0
Ja, suksesvol	172	61,2	261	59,5	433	60,1
Nee, onsuksesvol	8	2,9	10	2,3	18	2,5
Onseker	5	1,7	12	2,7	17	2,4

Volgens tabel 2.10 was 61,2 % mans en 59,5 % vroue suksesvol in hul poging(s) om iemand anders oor te haal tot hulle siening van gesondheidsaangeleenthede, terwyl ongeveer 'n derde van die steekproef aangetoon het dat hulle nog nooit in die verlede gepoog het om iemand tot hulle siening van gesondheidsaangeleenthede oor te haal nie.

- (8) Die volgende vraag het betrekking op die persone wat ander mense al om informasie rakende gesondheid gevra het (tabel 2.11).

TABEL 2.11

RESPONSE OP DIE VRAAG: "HET U AL OOIT ANDER PERSONE OM INLIGTING RAKENDE GESONDHEID GEVRA?"

	Mans			Vroue			Totaal											
	Ja		Nee		Onseker		Ja		Nee		Onseker							
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%						
Eetgewoontes	149	53,0	122	43,4	10	3,6	259	59,0	154	35,1	26	5,9	408	56,7	276	38,3	36	5,0
Beserings	164	58,4	109	38,8	8	2,8	221	50,3	197	44,9	21	4,8	385	53,5	306	42,5	29	4,0
Siektes	175	62,3	98	34,9	8	2,8	260	59,2	158	36,0	21	4,8	435	60,4	256	35,6	29	4,0
Immunisering	112	39,9	157	55,9	12	4,2	188	42,8	227	51,7	24	5,5	300	41,7	384	53,3	36	5,0
GEMIDDELDE %		53,4		43,3		3,3		52,8		41,9		5,3		53,1		42,4		4,5

Dit wil voorkom of respondente veral wat siektes betref, voorheen al ander persone om inligting genader het (60,4 %). Daarenteen het meer as die helfte van die respondente (53,3 %) aangetoon dat hulle nog nooit inligting oor immunisering van ander mense gevra het nie (tabel 2.11).

- (9) Met die laaste vraag wat betrekking het op die kommunikasiepatrone van die respondente, is vasgestel hoeveel van hulle al oor enige gesondheidsaangeleentheid inligting oorgedra het aan persone wat nog nie daarmee bekend was nie (tabel 2.12).

TABEL 2.12

RESPONSE OP VRAAG: "HET U AL OOIT OOR ENIGE ASPEK VAN GESONDHEID AAN IEMAND INLIGTING VERSKAF WAARMEE HY/SY NIE BEKEND WAS NIE?"

	Mans		Vroue		Totaal	
	N	%	N	%	N	%
Ja	180	64,1	267	60,8	447	62,1
Nee	94	33,5	163	37,1	257	35,7
Onseker	7	2,4	9	2,1	16	2,2

Dit wil voorkom of bykans twee derdes van die totale aantal respondente al vroeër aan ander persone inligting oorgedra het ten opsigte van gesondheidsaspekte waarvan hulle nog nie bewus was nie.

2.4 DIE IDENTIFISERING VAN OPINIELEIERS MET BEHULP VAN GEWEEGDE RESPONSIES

Die voorafgaande vrae verskil in die mate waarin hulle opinieleierskap meet. Om vir hierdie verskille te kontroleer, is daar besluit om response statisties te weeg. Vrae waarop min respondente positief (ja-respons) geantwoord het, ontvang 'n groter gewig as dié vrae waarop die meerderheid respondente

'n positiewe respons gelever het. Indien 'n persoon 'n nee-respons op 'n vraag gelever het, is 'n gewig van 0 aan die respons toegeken. Response is deurgaans op die volgende wyse geweeg:

$$\text{Responsgewig} = 1 - \frac{\text{Totale ja-response}}{\text{Steekproefgrootte}}$$

Gestel die "ja-response" ten opsigte van twee vrae is onderskeidelik 70 en 700, dan is die responsgewigte van die twee vrae:

$$\begin{aligned} \text{Vraag 1: } & 1 - \frac{70}{720} \\ & = 0,903 \end{aligned}$$


$$\begin{aligned} \text{Vraag 2: } & 1 - \frac{700}{720} \\ & = 0,028 \end{aligned}$$

'n Totaaltelling is op hierdie wyse vir elke respondent ten opsigte van al die vrae bereken. Hoe hoër 'n persoon se totaal-telling volgens hierdie berekening is, hoe sterker blyk sy opinieleierskap te wees. 'n Totaaltelling van 27 is die maksimum wat op hierdie skaal behaal kon word. Vervolgens is beskrywende statistiese maatstawwe vir die totaal-tellings opgestel en die resultate wat verkry is, word in figuur 1 voorgestel. Met behulp van hierdie resultate is 'n afsnypunt bepaal: Respondente wat tellings behaal het wat groter of gelyk aan die afsnitwaarde was, is as opinieleiers beskou. Die afsnypunt is so bepaal dat die 20 % respondente wat die hoogste waardes behaal het, as opinieleiers geïdentifiseer is. Honderd nege en sestig opinieleiers is op hierdie wyse geïdentifiseer (figuur 1).

2.5 DIE IDENTIFISERING VAN OPINIELEIEREIEIENSAPPE

Uit bestaande literatuur (Coleman, Katz en Menzel 1966; Rogers en Shoemaker 1971 en Rogers en Svenning 1969) wil dit voorkom of opinieleiers in vergelyking met hul volgelinge oor geen unieke eienskappe beskik nie. Alhoewel

FIGUUR 1 : TOTAALTELLINGS VAN RESPONDENTE TEN OPSIGTE VAN OPINIELEIERSKAP



* 109 respondente het 'n telling van 0 behaal

daar 'n samehang tussen opinieleiereienskappe en die sosiale norme van die gemeenskap blyk te wees, beskik opinieleiers in vergelyking met hulle volgelinge, oor:

1. Hoër sosiale status.
2. Hoër sosiale integrasie.
3. Groter konformering met groepsnorme.
4. Hoër mate van kosmopolitisering.
5. Groter empatiese vermoëns.
6. Hoër innovasiegerigheid.
7. Groter blootstelling aan die massamedia.

'n Aantal vrae wat betrekking het op sosiale status, kosmopolitisme, sosiale integrasie en massamediablootstelling is aan respondente gevra. In die eerste plek word daar gelet op die resultate van die totale steekproef, waarna die klem tweedens val op die identifisering van moontlike veranderlikes aan die hand waarvan opinieleierskap voorspel kan word. Ten slotte word die LOGIT-model van die loglineêre-ontledingstechniek gebruik om die sterkte van die assosiasie tussen die kategorieë van die afhanklike veranderlike (opinieelerskap) en die verklarende veranderlikes (bv. massamediablootstelling) te bepaal.

2.5.1 Bespreking

(1) Sosiale status

Volgens Schmidt (1973) word status in 'n moderne gemeenskap omskryf aan die hand van onderwyspeil, beroep en inkomste terwyl status by derdewêreldgemeenskappe net toegeskryf word aan geslag, ouderdom en afkoms. Ten einde moontlike onnoukeurigheid en sensitiwiteit oor die aangeleentheid te vermy, is daar geen vraag oor inkomste gevra nie.

Die resultate van 'n vraag oor die onderwyspeil van die onder-
soekgroep, word in tabel 2.13 aangebied.

TABEL 2.13

RESPONSE OP DIE VRAAG: "WAT IS DIE HOOGSTE ONDERWYSKWALIFIKASIES WAT U VERWERF HET?"

	Mans		Vroue		Totaal	
	N	%	N	%	N	%
Geen opleiding	15	5,3	42	9,6	57	7,9
Sub A-B	3	1,1	13	3,0	16	2,2
St. 1-3	34	12,1	45	10,2	79	11,0
St. 4-5	66	23,5	106	24,1	172	23,9
Vorm I	51	18,1	82	18,7	133	18,5
Vorm II-III	47	16,7	75	17,1	122	16,9
Vorm IV-V	48	17,1	58	13,2	106	14,7
Vorm III en diploma	5	1,8	8	1,8	13	1,8
Vorm V en diploma of graad	12	4,3	10	2,3	22	3,1

Uit die gegewens in tabel 2.13 blyk dat 55 % van die respondente minstens vorm 1 (standerd 6) voltooi het. Bykans 'n tiende van die vroue beskik oor geen formele opleiding nie, terwyl 5,3 % van die manlike respondente in hierdie kategorie val.

- (b) Vervolgens het respondente aangedui watter soort beroepe hulle beoefen (tabel 2.14).

TABEL 2.14
RESPONSE OP DIE VRAAG: "WATTER BEROEP BEOEFEN U TANS?"

	Mans		Vroue		Totaal	
	N	%	N	%	N	%
Professioneel	8	2,8	32	7,3	40	5,6
Administratief	1	0,4	2	0,4	3	0,4
Klerklik	13	4,6	3	0,7	16	2,2
Verkope	12	4,3	27	6,1	39	5,4
Vervoer, kommunikasie	20	7,1	3	0,7	23	3,2
Ambagsman, produksiewerkers, arbeiders	81	28,8	25	5,7	106	14,7
Dienste (byvoorbeeld Polisie)	26	9,3	93	21,2	119	16,5
Student	8	2,8	3	0,7	11	1,5
Skolier	62	22,1	68	15,5	130	18,1
Huisvrou	0	0,0	131	29,8	131	18,2
Werk nie as gevolg van siekte	15	5,3	24	5,5	39	5,4
Werkloos	35	12,5	28	6,4	63	8,8

Dit is interessant om daarop te let dat bykans 5 % meer vroue as mans in die ondersoekgroep professionele beroepe beklee. Ten opsigte van ambagsmanne, produksiewerkers en arbeiders is die mans in die meerderheid teenoor die vroue (28,8 % teenoor 5,7 % respektiewelik), terwyl dit ten opsigte van diens-

leweringsberoepe weer die vroue is wat die meerderheid vorm (21,2 % vroue teenoor 9,3 % mans). Ongeveer 52 % van die respondente beklee om een of ander rede nie 'n beroep nie, terwyl 8,8 % werkloos is (12,5 % mans teenoor 6,4 % vroue). Syfers van die administrasieraad in Mamelodi dui daarop dat daar tydens die duur van die ondersoek (Julie 1983) 1,94 % van die mans in Mamelodi as werkloos by die administrasieraad geregistreer was, terwyl dit by die vroue 0,51 % was. Alhoewel dit blyk dat daar 'n verskil tussen die administrasieraad en die onderhawige ondersoek se bevindinge is, moet daar op die volgende aspekte gelet word:

- (i) Die administrasieraad se persentasies sluit slegs inwoners van Mamelodi in wat hulle by die administrasieraadskantore as werkloos *aangemeld* het.
- (ii) Die werkloosheidsyfers wat voortspruit uit die huidige ondersoek sluit ook persone in wat op 'n *nie-vaste basis* werk, met ander woorde soos die geleentheid opduik.

(2) Kosmopolitisme

Kosmopolitisme kan omskryf word as die mate waarin 'n individu buite sy onmiddellike sosiale omgewing georiënteerd is (Rogers en Svenning 1969: 147).

Ten einde die mate van kosmopolitisering te kan bepaal waaroor respondente beskik, is die volgende aspekte ingesluit:

- (a) Respondente moes aandui of hulle hul beroep in of buite Mamelodi beoefen, sodat daar 'n idee gevorm kon word van die persone wat op 'n gereelde basis tussen Mamelodi en die omgewing buite hul woongebied beweeg (tabel 2.15).

TABEL 2.15

RESPONSE OP DIE VRAAG: "IS U WERKPLEK IN OF BUITE MAMELODI?"

	Mans		Vroue		Totaal	
	N	%	N	%	N	%
Nie van toepassing	119	42,4	255	58,1	374	51,9
In	17	6,0	42	9,6	59	8,2
Buite	145	51,6	142	32,3	287	39,9

Volgens tabel 2.15 blyk dat die meerderheid van die respondente wat 'n beroep beklee, buite Mamelodi werksaam is, naamlik 51,6 % van die mans en 32,3 % van die vroue.

- (b) Met die tweede vraag is gepoog om vas te stel of respondente hoofsaaklik in plattelandse of stedelike gebiede opgegroeï het, omdat hierdie faktor ook hul kosmopolitisering kan beïnvloed (tabel 2.16).

TABEL 2.16

RESPONSE OP DIE VRAAG: "WAAR HET U AS KIND HOOFSAAKLIK OPGEGROEI?"

	Mans		Vroue		Totaal	
	N	%	N	%	N	%
Mamelodi	158	56,2	188	42,8	346	48,1
Nasionale Swart state	4	1,4	19	4,3	23	3,2
Platteland RSA	53	18,9	103	23,5	156	21,7
Stedelike gebied RSA	66	23,5	128	29,2	194	26,9
Buite RSA	0	0,0	1	0,2	1	0,1

Uit tabel 2.16 kan afgelei word dat bykans die helfte van die respondente (48,1 %) hoofsaaklik in Mamelodi grootgeword het. Daarenteen het om en by n vyfde (21,7 %) van die mans en vroue hoofsaaklik op die Suid-Afrikaanse platteland opgegroei. Dit is verder interessant dat slegs sowat 3 % van die ondersoekgroep in die Nasionale Swart state grootgeword het.

- (c) Daar is ook ondersoek ingestel of respondente enige vriende of familie het wat buite Mamelodi woonagtig is, ten einde n aanduiding te kry of respondente sosiale kontak buite die woonbuurt het (tabel 2.17).

TABEL 2.17

RESPONSE OP DIE VRAAG: "HET U ENIGE VRIENDE/FAMILIE WAT BUIE MAMELODI WOON?"

	Mans		Vroue		Totaal	
	N	%	N	%	N	%
Ja	267	95,0	416	94,8	683	94,9
Nee	14	5,0	23	5,2	37	5,1

Die oorgrote meerderheid respondente het aangevoer dat hulle wel vriende of familie het wat buite Mamelodi woonagtig is (94,9 % tabel 2.17).

- (d) Nadat daar met die vorige vraag vasgestel is of respondente nog vriende of familie het wat buite Mamelodi woon, is die woonplek van hierdie persone vervolgens vasgestel (tabel 2.18).

TABEL 2.18
 RESPONSE OP DIE VRAAG: "WAAR WOON HIERDIE VRIENDE/FAMILIELEDE?"

	Mans				Vroue				Totaal			
	Ja		Nee		Ja		Nee		Ja		Nee	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Nasionale Swart state	63	22,4	218	77,6	114	26,0	325	74,0	177	24,6	543	75,4
Platteland RSA	152	54,1	129	45,9	243	55,4	196	44,6	395	54,9	325	45,1
Stedelike gebied RSA	204	72,6	77	27,4	314	71,5	125	28,5	518	71,9	202	28,1
Afrikastate buite RSA	2	0,7	279	99,3	5	1,1	434	98,9	7	1,0	713	99,0

Ongeveer 72 % van die respondente het genoem dat hulle vriende en/of familie in die stedelike gebiede van die Republiek van Suid-Afrika het, terwyl meer as die helfte mans en vroue (54,9 %) aangedui het dat hulle vriende het wat op die platteland van die RSA woonagtig is (tabel 2.18).

- (e) Die laaste vraag rakende kosmopolitisering het betrekking op die hoeveelheid kontak wat daar bestaan tussen respondente en hulle vriende/familielede wat buite Mamelodi woon (tabel 2.19).

TABEL 2.19

RESPONSE OP DIE VRAAG: "HOE GEREELD BESOEK U U VRIENDE/FAMILIELEDE WAT BUIE MAMELODI WOON?"

	Mans		Vroue		Totaal	
	N	%	N	%	N	%
Geen vriende/familie buite Mamelodi	15	5,3	23	5,3	38	5,3
Ten minste een maal per maand	102	36,3	137	31,2	239	33,2
Een maal elke ses maande	66	23,5	92	21,0	158	21,9
Een maal per jaar	73	26,0	127	28,9	200	27,8
Minder as een maal per jaar	20	7,1	37	8,4	57	7,9
Nooit	5	1,8	23	5,2	28	3,9

Dit wil voorkom of sowat 'n derde van die respondente gereeld vriende buite Mamelodi besoek, terwyl slegs 5,3 % van die steekproef aangedui het dat hulle geen vriende/familie buite Mamelodi het nie. Die meeste inwoners beweeg dus van tyd tot tyd buite Mamelodi om vriende en of familie te besoek.

3. Sosiale integrasie

Gemeenskapsgevoel kan gedefinieer word as die mate waarin die individu sosiaal binne 'n gemeenskap geïntegreer is. Met die volgende reeks vrae is die mate bepaal waarin respondente sosiaal binne Mamelodi geïntegreer is. Hierdie vrae het betrekking op die respondente se georganiseerde sosiale aktiwiteite.

- (a) Respondente moes eerstens aandui of hulle lede is van die 16 soorte verenigings/klubs wat aan hulle genoem is (tabel 2.20).

TABEL 2.20
RESPONSE OP DIE VRAAG: "IS U LID VAN DIE VOLGENDE VERENIGINGS/KLUBS?"

	Mans		Vroue		Totaal	
	N	%	N	%	N	%
Kerkvereniging	191	68,0	365	83,1	556	77,2
Swart ouervereniging	28	10,0	48	10,9	76	10,6
Skrywers- en akteursvereniging	8	2,9	8	1,8	16	2,2
Ouer- onderwysersvereniging	18	6,4	49	11,2	67	9,3
Onderwysersvereniging	6	2,1	18	4,1	24	3,3
Taxi- eienaarsvereniging	2	0,7	3	0,7	5	0,7
Transportvereniging	5	1,8	4	0,9	9	1,3
Swart handelaarsvereniging	1	0,4	3	0,7	4	0,6
Inkatha	1	0,4	3	0,7	4	0,6
Enige studenteraad	13	4,6	23	5,2	36	5,0
Vakbondunies	16	5,7	4	0,9	20	2,8
Sportklubs	97	34,5	52	11,9	149	20,7
Mediawerkersvereniging	7	2,5	5	1,1	12	1,7
Sjebeneienaarsvereniging	12	4,3	11	2,5	23	3,2
"PWV Single Parent's Association"	4	1,4	17	3,9	21	2,9
Suid-Afrikaanse studentekongres	6	2,1	11	2,5	17	2,4

Uit tabel 2.20 wil dit voorkom of kerkverenigings (77,2 %) en sportklubs (20,7 %) die twee verenigings was wat die gewildste onder respondente gewees het. By eersgenoemde is dit die vroue (83,1 %) wat in die meerderheid is, terwyl dit by sportklubs die teenoorgestelde blyk te wees (mans - 34,5 %, vroue - 11,9 %). Ongeveer 'n vyfde van die mans en vroue behoort ook aan 'n ouervereniging hetsy die Swart ouervereniging of die Ouer-onderwysersvereniging (tabel 2.20).

- (b) In teenstelling met die vorige vraag, het die volgende vraag betrekking op deelname aan sekere groeppaktiwiteite, waarvan die byeenkomste gewoonlik op minder formele wyse georganiseer en aangebied word. Sekere aktiwiteite is eie aan die Swartmense, soos *stokfel* ('n groep persone wat op gereelde grondslag 'n bedrag geld in 'n poel stort, waarna elke lid van die groep 'n geleentheid kry om die totale bedrag te ontvang), *manyalo* (huwelikeremonies en die feesverrigtinge wat daarby aansluit) en *gigi* (drank word verkoop tydens 'n partytjie wat met harde musiek gepaard gaan) (tabel 2.21).

Tabel 2.21 toon aan dat *manyalo* (83,5 %) en kerkbyeenkomste (77,9 %) die groepsaktiwiteite is waaraan die meeste respondente op gereelde grondslag deelneem. Voorts blyk ook dat respondente besondere waarde aan familiefeste heg, want ongeveer twee derdes mans en vroue het aangetoon dat hulle gereeld deel het aan sulke byeenkomste.

4. Massamediablootstelling

Massamediablootstelling kan omskryf word as die mate waarin die individu met die massamedia - koerante, tydskrifte, radio en televisie - in aanraking kom. In die vraelys het die klem op dié media geval wat vir die meeste inwoners van Mamelodi bereikbaar en bekombaar is.

TABEL 2.21

RESPONSE OP DIE VRAAG: "NEEM U GEREELD AAN DIE VOLGENDE GROEPAKTIVITEITE DEEL?"

	Mans		Vroue		Totaal	
	N	%	N	%	N	%
Kerkbyeenkomste	195	69,4	366	83,4	561	77,9*
Besoeke aan sjebeens	56	19,9	16	3,6	72	10,0
Besoeke aan biersale	30	10,7	7	1,6	37	5,1
Kulturele byeenkomste	65	23,1	75	17,1	140	19,4
Familiefeeste	184	65,5	303	69,0	487	67,6
Hostelbyeenkomste	5	1,8	4	0,9	9	1,3
Huiseienaarsklubbyeenkomste	50	17,8	70	16,0	120	16,7
Dansbyeenkomste	33	11,7	44	10,0	77	10,7
<i>Stokfel</i>	48	17,1	39	8,9	87	12,1
<i>Manyalo</i>	223	79,4	378	86,1	601	83,5
<i>Gigi</i>	40	14,2	12	2,7	52	7,2
Jeugklubbyeenkomste	62	22,1	62	14,1	124	17,2
Inligtingssessies	33	11,7	22	5,0	55	7,6

*Sluit persone in wat nie tot kerkverenigings behoort nie.

- (a) Respondente moes in die eerste plek genoem het of hulle minstens een keer per week een of meer koerante lees (tabel 2.22).

TABEL 2.22

RESPONSE OP DIE VRAAG: "LEES U GEREELD KOERANT (MINSTENS EEN MAAL PER WEEK)?"

	Mans		Vroue		Totaal	
	N	%	N	%	N	%
Ja	219	77,9	264	60,1	483	67,1
Nee	32	11,4	82	18,7	14	15,8
Kan nie lees nie	30	10,7	93	21,2	123	17,1

Volgens tabel 2.22 wil dit voorkom of meer as twee derdes van die respondente gereeld insae in koerante kry, terwyl soveel as 17,1 % mans en vroue glad nie kan lees nie. Dit blyk dat daar veral onder respondente ouer as 40 jaar 'n groot voorkoms van ongeletterdheid is, in vergelyking met jonger respondente.

- (b) Vervolgens is 'n vraag aan respondente gestel ten einde te bepaal of hulle onlangs inligting bekom het aangaande gesondheid uit die koerante wat hulle gelees het (tabel 2.23).

TABEL 2.23

RESPONSE OP DIE VRAAG: "HET U ONLANGS INLIGTING RAKENDE GESONDHEID, BEKOM UIT DIE KOERANTE WAT U GELEES HET?"

	Mans		Vroue		Totaal	
	N	%	N	%	N	%
Ja	191	68,0	226	51,5	417	57,9
Nee	28	10,0	38	8,7	66	9,2
Lees nie koerante nie/kan nie lees nie	62	22,0	175	39,8	237	32,9

Meer as twee derdes van die manlike respondente (68,0 %) en ongeveer die helfte vroue (51,5 %) het volgens tabel 2.23 aangedui dat hulle onlangs inligting rakende gesondheid bekom het uit koerante wat hulle gelees het. Bykans 10 % respondente het egter geantwoord dat, alhoewel hulle gereeld insae in koerante kry, hulle geen gesondheidsinligting daaruit kon bekom nie (tabel 2.23).

- (c) In die volgende vraag moes respondente aangedui het of hulle in die afgelope tyd enige inligting rakende gesondheidsaspekte uit sekere tydskrifte ontvang het (tabel 2.24).

TABEL 2.24

RESPONSE OP DIE VRAAG: "HET U DIE AFGELOPE TYD ENIGE INLIGTING OOR GESONDHEID (EETGEWOONTES, BESERINGS, SIEKTES, IMMUNISERING) UIT DIE VOLGENDE TYDSKRIFTE ONTVANG?"

	Mans		Vroue		Totaal	
	N	%	N	%	N	%
<i>Bona</i>	109	38,8	182	41,5	291	40,4
<i>Drum</i>	114	40,6	154	35,1	268	37,2
<i>Pace</i>	112	39,9	151	34,4	263	36,5
<i>Hit</i>	39	13,9	60	13,7	99	13,8
<i>Fair Lady</i>	46	16,4	108	24,6	154	21,4
<i>Living and Loving</i>	46	16,4	101	23,0	147	20,4
Ander tydskrifte	24	8,5	46	10,5	70	9,7

Uit tabel 2.24 kan afgelei word dat die meeste respondente inligting oor gesondheidsaspekte ontvang het uit tydskrifte wat vir Swart teikengroepe gepubliseer word. So het 40,4 % respondente *Bona*, 37,2 % *Drum* en 36,5 % *Pace* genoem. Nog 'n maandelikse tydskrif vir Swartes - *Hit* het egter aansienlik swakker gevaar met 13,8 %.

- (d) Respondente het vervolgens aangedui na watter radiodienste hulle luister, asook die aantal ure per dag wat daar na die onderskeie uitsendings geluister word (tabel 2.25).

TABEL 2.25

RESPONSE OP DIE VRAAG: "NA WATTER RADIODIENSTE LUISTER U? HOEVEEL URE PER DAG LUISTER U DAARNA?"

	Mans				Vroue				Totaal			
	Nee		Ja		Nee		Ja		Nee		Ja	
	Luister nie	Minder as 1 uur	1-3 uur	3+ uur	Luister nie	Minder as 1 uur	1-3 uur	3+ uur	Luister nie	Minder as 1 uur	1-3 uur	3+ uur
	N %	N %	N %	N %	N %	N %	N %	N %	N %	N %	N %	N %
SABC - English	209 74,4	51 18,2	14 5,0	7 2,4	373 85,0	48 10,9	14 3,2	4 0,9	582 80,8	99 13,8	28 3,9	11 1,5
SAUK - Afri- kaans	239 85,0	29 10,3	8 2,9	5 1,8	406 92,5	25 5,7	5 1,1	3 0,7	645 89,6	54 7,5	13 1,8	8 1,1
SABC - Radio Bantu	114 40,6	78 27,8	57 20,3	32 11,3	181 41,2	107 24,4	89 20,3	62 14,1	295 41,0	185 25,7	146 20,3	94 13,0
Radio Botswana	177 63,0	70 24,9	30 10,7	4 1,4	280 63,8	93 21,2	46 10,5	20 4,5	457 63,5	163 22,6	76 10,6	24 3,3
Radio Lesotho	211 75,1	51 18,2	17 6,0	2 0,7	343 78,1	59 13,5	25 5,7	12 2,7	554 76,9	110 15,3	42 5,9	14 1,9
Swazi Radio	272 96,8	7 2,5	2 0,7	0 0,0	415 94,5	13 3,0	10 2,3	1 0,2	687 95,4	20 2,8	12 1,7	1 0,1
Radio Hoëveld	223 79,4	37 13,2	15 5,3	6 2,1	384 87,5	41 9,3	5 1,1	9 2,1	607 84,3	78 10,8	20 2,8	15 2,1
Radio Bophut- hatswana	87 31,0	68 24,2	56 19,9	70 24,9	171 39,0	103 23,5	72 16,4	93 21,1	258 35,8	171 23,8	128 17,8	163 22,6
Springbok	239 85,1	31 11,0	9 3,2	2 0,7	399 91,0	32 7,3	3 0,6	5 1,1	638 88,6	63 8,8	12 1,7	7 0,9
Channel 702	217 77,2	35 12,5	22 7,8	7 2,5	391 89,1	34 7,7	10 2,3	4 0,9	608 84,4	69 9,6	32 4,4	11 1,6

Dit blyk uit tabel 2.25 dat die Engelse diens van die SAUK en Channel 702 die enigste twee radiodienste is waar die manlike en vroulike luistertal met meer as 10 % verskil: 25,6 % mans luister na die Engelse diens van die SAUK teenoor 15,0 % vroue, terwyl die persentasies ten opsigte van Channel 702 22,8 % ten opsigte van die mans en 10,9 % ten opsigte van die vroulike luistertal onderskeidelik is. Radio Bantu (59 %) en Radio Bophuthatswana (64,2%) blyk die radiostasies met die hoogste luistertalle te wees.

- (e) Waar respondente in die vorige vraag hulle radioluistergewoontes aangedui het, kom televisiekykgewoontes nou ter sprake (tabel 2.26).

Dit is interessant om daarop te let dat die manlike kykertal vir TV1 (70 %) en TV2 (70,8 %) bykans dieselfde is, terwyl die verskil by die vroulike respondente effens groter is (Kykertal TV1: 59,2 %; TV2 65,8 % - tabel 2.26). TV3 het egter in vergelyking met bogenoemde twee kanale die hoogste kykertal naamlik 74,6 %. Dit kan moontlik daaraan toegeskryf word dat die omgangstaal in Mamelodi hoofsaaklik Sotho is, terwyl TV3 in Tswana, Suid- en Noord-Sotho uitsaai.

- (f) Met hierdie vraag is daar bepaal *waar* respondente gewoonlik televisie kyk (tabel 2.27).

Volgens tabel 2.27 kyk ongeveer die helfte van die respondente (54,3 %) televisie in hul eie wonings, terwyl sowat n vyfde van die respondente nie televisie kyk nie. Dit wil verder voorkom of meer vroue (23,5 %) as mans (15,7 %) nie-kykers is. Die meeste televisiekykers kyk dus nie televisie by vriende, bure of op ander plekke buite hulle huise nie, maar in hul eie wonings.

TABEL 2.26

RESPONSE OP DIE VRAAG: "HET U DIE AFGELOPE WEEK TELEVISIE GEKYK? HOEVEEL URE PER DAG HET U GEKYK?"

	Mans				Vroue				Totaal			
	Nee	Ja			Nee	Ja			Nee	Ja		
	Kyk nie	Minder as 1 uur	1-3 uur	3+ uur	Kyk nie	Minder as 1 uur	1-3 uur	3+ uur	Kyk nie	Minder as 1 uur	1-3 uur	3+ uur
	N %	N %	N %	N %	N %	N %	N %	N %	N %	N %	N %	N %
TV1	84 30,0	110 39,1	46 16,3	41 14,6	179 40,8	146 33,3	65 14,8	49 11,1	263 36,5	256 35,6	111 15,4	90 12,5
TV2	82 29,2	101 35,9	82 29,2	16 5,7	150 34,2	134 30,5	107 24,4	48 10,9	232 32,2	235 32,6	189 26,3	64 8,9
TV3	56 19,9	108 38,4	85 30,3	32 11,4	127 28,9	142 32,4	108 24,6	62 14,1	183 25,4	250 34,7	193 26,8	94 13,1

TABEL 2.27
 RESPONSE OP DIE VRAAG: "WAAR KYK U DIE MEESTE TELEVISIE?"

	Mans		Vroue		Totaal	
	N	%	N	%	N	%
Kyk nie TV nie	44	15,7	103	23,5	147	20,4
Eie woning	150	53,4	241	54,9	391	54,3
Vriende	31	11,0	22	5,0	53	7,4
Bure	40	14,2	55	12,5	95	13,2
Kerksaal, biersaal en hostel	0	0,0	0	0,0	0	0,0
Familie	15	5,3	16	3,6	31	4,3
Werkgewer	1	0,4	2	0,5	3	0,4

- (g) Laastens moes respondente aandui *waar* hulle die meeste inligting oor alle aspekte van gesondheid bekom, dit wil sê by wyse van die massamedia of deur interpersoonlike kommunikasie (tabel 2.28).

TABEL 2.8
 RESPONSE OP DIE VRAAG: "OP WATTER WYSE ONTVANG U MEESTAL NUWE INLIGTING RAKENDE ALLE ASPEKTE VAN GESONDHEID?"

Deur:-	Mans		Vroue		Totaal	
	N	%	N	%	N	%
Ander persone te vra	28	10,0	61	13,9	89	12,4
Radio te luister	77	27,4	133	30,3	210	29,2
Televisie te kyk	94	33,5	148	33,7	242	33,6
Koerante te lees	54	19,2	43	9,8	97	13,5
Tydskrifte te lees	8	2,8	16	3,6	24	3,3
Onseker	20	7,1	38	8,7	58	8,0

Telesiwie en radio (33,6 % en 29,2 % onderskeidelik) is deur die meeste respondente genoem as die wyse waarop hulle *hoofsaaklik* nuwe inligting rakende alle gesondheidsaspekte ontvang. Slegs 3,3 % respondente het aangetoon dat tydskrifte die mediavorm is wat aan hulle die *meeste* gesondheidsinligting verskaf.

2.6 TOEPASSING VAN 'N EKSPLORATIEWE TEGNIEK OP DIE DATA (CHAID)


'n CHAID-analise is op die vroe wat in afdeling 2.4 bespreek is, uitgevoer, om die verklarende veranderlikes te identifiseer wat die grootste bydrae lewer tot die verklaring van die variasie in die afhanklike veranderlike (opinieleierskap). Daar is deurgaans 'n 1 %-peil van betekenis in die CHAID-ontledings toegepas. Groepe wat kleiner as 50 is, is nie verder onderverdeel nie. Weens programbeperkings inherent aan CHAID (voorspellerkategorieë is beperk tot hoogstens 10) is daar eers afsonderlike analises op sosiale status, kosmopolitisme, sosiale integrasie en massamedia-blootstelling uitgevoer. In 'n finale stap is die CHAID-uitvoere van bogenoemde saamgevoeg en die ontledingsproses is op die totale stel van veranderlikes uitgevoer (figuur 2).

Die dendrogram (figuur 2) het aangetoon dat opinieleiers ten opsigte van die volgende aspekte van die nie-leiers verskil:

- (a) bywoning van kulturele byeenkomste en familiefeste
- (b) luisterpatrone rakende Springbokradio, Channel 702 en die Engelse diens van die SAUK
- (c) beroep.

FIGUUR 2

DENDROGRAM VAN OPINIELEIERSKAP EN DIE SAAMGEVOEGDE STEL VERANDERLIKES



2.7 LOGIT-ONTLEDING VAN GEBEURLIKHEIDSTABELLE

Indien nominale kategoriese data in 'n respons (afhanklike) veranderlike en onafhanklike (verklarende) veranderlikes verdeel kan word, kan die LOGIT-vorm van die loglinieëre model toegepas word. Die LOGIT-model is 'n herskrywing van die loglinieëre model om vir bogenoemde geval van kategoriese data voorsiening te maak. Die interaksies tussen die verklarende veranderlikes is vir die doel met hierdie ondersoek van sekondêre belang en word nie verder ontleed nie. Met die LOGIT-ontleding word die identifisering van verdere variasie in die selfrekwensie wat toegeskryf kan word aan die responsveranderlike en moontlike interaksies met die verklarende veranderlikes, ten doel gestel.

As gevolg van die grootte van die steekproef is daar met die LOGIT-model slegs vir die belangrikste veranderlikes, wat met die CHAID-ontleding uitgewys is, getoets.

Aangesien die LOGIT-modeltegnieke nie op data met baie leë selfrekwensies toegepas kan word nie, is net die luisterpatrone ten opsigte van Springbokradio en die Engelse diens van die SAUK, beroep van die respondent en deelname aan kulturele byeenkomste (uit die CHAID-ontleding) opgeneem in die LOGIT-ontleding.

Na toepassing van die LOGIT-tegniek op die data is daar 'n statisties betekenisvolle assosiasie tussen die afhanklike veranderlike (opinieëlerskap) en die onafhanklike veranderlike (luister na Springbokradio) geïdentifiseer. Uit die residu-ontleding wil dit voorkom of gesondheidsopinieëlers oor die algemeen meer as die nie-leiers na Springbokradio luister (bylae 1.1).

TABEL 2.29
 VERGELYKING TUSSEN DIE ONDERSOEGGROEP EN GESONDHEIDSOPINIELEIERS TEN
 OPSIGTE VAN DIE VERANDERLIKES WAAR STATISTIES BETEKENISVOLLE ASSOSIASIES
 NA VORE GETREE HET

	Ondersoekgroep		Gesondheidsopinieëlers	
	Luister %	Luister nie %	Luister %	Luister nie %
SABC - English	19,2	80,8	40,8	59,2
Springbokradio	11,4	88,6	30,2	69,8
Beroep	Ekonomies bedrywig 48,0	Nie ekonomies bedrywig 52,0	Ekonomies bedrywig 71,0	Nie ekonomies bedrywig 29,0
Kulturele byeenkomste	Neem deel 19,4	Neem nie deel nie 80,6	Neem deel 45,0	Neem nie deel nie 55,0

Uit tabel 2.29 blyk dat 11,4 % van die totale aantal respondente na Springbokradio luister, terwyl bykans 'n derde van die opinieëlers na dieselfde stasie luister. Voorts word daar 'n statisties betekenisvolle assosiasie tussen opinieëlerskap en die luisterpatrone ten opsigte van die Engelse diens van die SAUK aangetoon. Dit wil voorkom of gesondheidsopinieëlers oor die algemeen ook meer as nie-leiers na die Engelse diens luister (bylae 1.2) - volgens tabel 2.29 luister 19,2 % respondente na die Engelse diens van die SAUK, terwyl 40,8 % van die gesondheidsopinieëlers aange-

dui het dat hulle gereeld op hierdie radiostasie inskakel. In die derde plek blyk daar 'n statisties betekenisvolle assosiasie tussen gesondheidsopinieërs en beroepsbeoefening (bylae 1.3) te wees.

Nege en twintig persent gesondheidsopinieërs beklee nie 'n beroep nie, met ander woorde hulle is studente, skoliere, huisvroue, medies ongeskik of werkloos, terwyl meer as die helfte van die ondersoekgroep (tabel 2.29) nie ekonomies bedrywig blyk te wees nie. Dit wil dus voorkom of opinieërs in vergelyking met die respondente in die ondersoekgroep, minder werkloos insluit.

Laastens blyk ook dat daar 'n statisties betekenisvolle assosiasie tussen gesondheidsopinieërs en die gereelde bywoning van kulturele byeenkomste bestaan (bylae 1.4). Volgens tabel 2.29 het 19,4 % van die totale aantal respondente aangedui dat hulle gereeld aan kulturele byeenkomste meedoen, terwyl bykans 45 % van die 169 respondente wat as opinieërs geïdentifiseer is, genoem het dat hulle gereeld aan hierdie aktiwiteit deelneem.

2.8 SAMEVATTING, BESPREKING EN GEVOLGTREKKINGS

Nadat enkele biografiese gegewens rakende die steekproef bespreek is, is daar met behulp van 'n aantal vrae (vgl. 2.3) tussen gesondheidsopinieërs en nie-leiers onderskei. 'n Totaaltelling is ten opsigte van hierdie vrae vir elke respondent bereken, waardeur 169 gesondheidsopinieërs geïdentifiseer is. Vervolgens is daar gelet op moontlike eienskappe waaraan die gesondheidsopinieërs in Mamelodi geëien kan word. Die response is aan die hand van tabelle eers vir die totale steekproef weergegee.

n CHAID-analise is daarna op die datastel uitgevoer om die verkla- rende veranderlikes te identifiseer wat die grootste bydrae tot die die variasie in opinieleierskap lewer. Ten slotte is die LOGIT-vorm van die loglineêre model toegepas op die veranderlikes wat in die CHAID-analise geïdentifiseer is.

Op grond van verskeie empiriese bevindinge wat in die verlede ver- kry is, is sosiale status, sosiale integrasie, normkonformiteit, kosmopolitisme, massamediablootstelling, empatie en innoveerbaar- heid as eienskappe onderskei wat in n groter mate by opinieleiers as nie-leiers aangetref word (Katz en Lazarsfeld 1966; Robertson en Myers 1969; Rogers en Svenning 1969; Summers 1970; Hall 1982).

Uit die assosiasie wat deur middel van die LOGIT-analises geïden- tifiseer is, is die volgende afleidings ten opsigte van die gesond- heidsopinieelers in Mamelodi gemaak, naamlik dat hulle oor die alge- meen

- (a) na die Engelse diens van die SAUK luister
- (b) na Springbokradio luister
- (c) beroepsbekerers is (ekonomies bedrywig is)
- (d) kulturele byeenkomste gereeld bywoon.

Daar is verwag dat die gesondheidsopinieelers in Mamelodi in ooreenstemming met die studies van Van den Ban (1964) en Summers (1970) hoër massamediablootstelling sal openbaar as die nie-leiers. Die huidige ondersoek bevestig hierdie verwagtinge deurdat daar vasgestel is dat gesondheidsopinieelers oor die algemeen meer na die Engelse diens van die SAUK en die handelsender Springbokradio luister. Rogers (1967), Lawrence (1971) en Baumgarten (1975) beweer egter dat opinieleiers slegs meer blootgestel word aan daardie media wat verband hou met hulle invloedsterrein en nie

soseer aan alle massamedia vorme nie. Dit kan daarop dui dat die *radio* waarskynlik 'n belangrike rol speel in die oordrag van inligting aan die gesondheidsopinieëlers in Mamelodi. Voorts wil dit voorkom of gesondheidsopinieëlers oor die algemeen beroepsbekleërs is. Alhoewel die beoefenaars van sowel die "witboordjie"- as die professionele beroepe nie alleen uitgewys is as die groep waaronder opinieëlers die meeste voorkom nie (in vergelyking met Katz en Lazarsfeld se 1966-studie) kan die statusonderskeiding hier, as gevolg van die klein getal respondente in Mamelodi wat wel professionele of klerklike beroepe beklee, waarskynlik eerder tussen beroepsbekleër en nie-beroepsbekleër wees. Die bevinding is as sulks dus in pas met vorige bevindinge.

Die deelname aan kulturele byeenkomste blyk 'n vorm van sosiale integrering in Mamelodi te wees waar daar tussen opinieëlers en nie-opinieëlers onderskei kan word. Uit die ontleding blyk dat gesondheidsopinieëlers meer gereeld kulturele byeenkomste bywoon as nie-leiers. Gereelde deelname van kulturele aktiwiteite deur gesondheidsopinieëlers kan op 'n gebondenheid aan hul eie kultuur wys, wat weer kan lig werp op die wyse waarop die verwestersingsproses verloop. Met ander woorde dat hulle die Westerse gesondheidsstelsel aanvaar, alhoewel hulle tog ook 'n gebondenheid aan hulle eie kultuur (met byvoorbeeld 'n unieke gesondheidsbeskouing) openbaar.

Dit is verder interessant om daarop te let dat die Engelse diens van die SAUK in 'n soortgelyke studie onder die inwoners van Atteridgeville (Hall 1982) ook as 'n veranderlike geïdentifiseer is wat 'n statisties betekenisvolle bydrae tot die verklarings van opinieëlerskap lewer. Ook ten opsigte van beroep as komponent van sosiale status (Hall 1982) en deelname aan kulturele byeenkomste is ooreenkomste met bestaande navorsing geïdentifiseer. Dit wil voorkom of daar 'n assosiasie tussen opinieëlerskap en beroep bestaan. In die huidige ondersoek is daar bevind dat die meeste gesondheidsopinieëlers 'n beroep beklee, terwyl daar tydens die ondersoek in Atteridgeville (Hall 1982) vasgestel is dat meer ge-

sondheidsopinieëlers professionele en klerklike beroepe beklee as nie-leiers.

Aspekte soos kosmopolitisme, onderwyspeil en televisiekykpatrone het, in teenstelling met vorige bevindinge (Robertson 1971; Rogers en Svenning 1969), nie in hierdie studie as opinie-leiereienskappe na vore getree nie. Alhoewel daar nie nuwe tendense rakende opinieëlerskap tydens die ondersoek in Mamelodi geïdentifiseer is nie, ondersteun die bevindinge wat gemaak is bestaande navorsing en openbaar as sulks 'n universaliteit ten opsigte van sekere aspekte van opinieëlerskap.

3. AANBEVELINGS

Vanuit die resultate van die huidige ondersoek kan die volgende aanbevelings ten opsigte van toekomstige navorsing gemaak word:

- (a) Ten einde moontlike nuwe tendense rakende opinieëlerskap uit te lig, word aanbeveel dat soortgelyke ondersoeke onder nie-stedelike Swartmense uitgevoer word. Daar word vermoed dat die sosio-ekonomiese omstandighede van die stedelike Swarte mag verskil van die landelike groepe, wat op verskille in opinieëlerskapseienskappe kan dui.
- (b) Op grond van die resultate van die LOGIT-ontledings word daar aanbeveel dat daar na die Engelse diens van die SAUK se program-samestelling en -inhoud gekyk word. Hierdie sender speel waarskynlik 'n vernamese rol as inligtingsbron vir opinieëlers in Mamelodi sowel as in Atteridgeville (vgl. Hall 1982).

BYLAE 1

Slegs die resultate met betrekking tot die vrae waar statisties betekenisvolle assosiasies tussen die respons - (afhanklike) veranderlike en onafhanklike (verklarende) veranderlike na vore gekom het, word hier weergegee. Die statisties betekenisvolle gestandaardiseerde skattings van die parameters van die interaksie-effekte word vervolgens aangedui. Afkortings wat vir die veranderlikes gebruik word, is:

Afhanklike veranderlike

O = Opinieleier

Onafhanklike (verklarende) veranderlike

B = Beroep

E = Engelse diens van die SAUK

K = Kulturele byeenkomste

S = Springbokradio

OPINIELEIERSKAP EN DIE SAAMGEVOEGDE VERANDERLIKES

Model wat gepas is = SEBK, OSB, OK, OE.

Passingswaarskynlikheid = 0,4793 (47,9 %)

Gestandaardiseerde skattings van parameters

1.1

Springbokradio		
	Luister nie	Luister
Opinieleier	-3,304	3,304*
Nie-leier	3,304	-3,304

*Betekenisvol (sien par. 1.3).

1.2

Engelse radiodiens		
	Luister nie	Luister
Opinieleier	-4,414	4,414*
Nie-leier	4,414	-4,414

*Betekenisvol (sien par. 1.3).

1.3

Nie ekonomies bedrywig		
Opinieleier	-4,323*	
Nie-leier	4,323	

*Betekenisvol (sien par. 1.3).

1.4

Kulturele byeenkomste		
	Ja	Nee
Opinieleier	6,492*	-6,492
Nie-leier	-6,492	6,492

*Betekenisvol (sien par. 1.3).

VERWYSINGS

1. BAUMGARTEN, S.A. The Innovative Communicator in the Diffusion Process. *Journal of Marketing Research* 12, February 1975 : 12-18.
2. COLEMAN, J.S. KATZ, E., MENZEL, H. *Medical Innovation: A diffusion study*. Indianapolis : Bobbs-Merril, 1966.
3. HALL, E.J. *Die identifisering van opinieleiers ten opsigte van sekere gesondheidsaspekte binne die Swart gemeenskap van Atteridgeville*. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1982.
4. KATZ, E., LAZARFELD, P.F. *Personal Influence: The Part Played by People in the Flow of Mass Communications*. New York : Free Press, 1966.
5. LAWRENCE, G. COREY People who claim to be Opinion Leaders. Identifying their characteristics by Self-report. *Journal of Marketing* 35, October 1971 : 48-53.
6. ROBERTSON, T.S. *Innovative Behavior and Communication*. New York : Holt, Rinehart and Winston, 1971.
7. ROBERTSON, T.S., MYERS, J.H. Personality Correlates of Opinion Leadership and Innovative Buying Behavior. *Journal of Marketing Research* 6, May 1969 : 164-168.
8. ROGERS, E.M. *Diffusion of Innovations* New York : The Free Press, 1967.
9. ROGERS, E.M., CARTANO, D.G. Methods of Measuring Opinion Leadership. *Public Opinion Quarterly* 26 (3), 1962 : 435-441.

10. ROGERS, E.M., SHOEMAKER, F.F. *Communication of Innovation - A Cross-cultural Approach* 2nd Ed. New York : The Free Press, 1971.
11. ROGERS, E.M., SVENNING, L. *Modernization Among Peasants. The Impact of Communication.* New York : Holt, Rinehart and Winston, 1969.
12. SCHMIDT, J.J. *Beroepsprestige onder die Bantoe in 'n stedelike gemeenskap.* Pretoria : Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1973.
13. SUMMERS, J.H. The Identity of Women's Clothing Fashion Opinion Leaders. *Journal of Marketing Research* 7(1), February 1970 : 178-185.

RGN-PUBLIKASIELYS

'n Volledige lys van RGN-publikasies of 'n lys van publikasies van 'n besondere instituut van die RGN kan van die Publikasiebestuurder verkry word.